# Die Groot Golf



Skrywer: Cathy Lincoln Illustreerder: Helga Hoveka

Een sonnige Saterdagoggend pak die Madiswa-gesin ’n piekniekmandjie om saam met hul vriende strand toe te neem.



“Trek julle hoedjies en skoene aan,” sê mev. Madiswa.



Die twee gesinne stap na die hoofstraat.
Die taxi hou stil en hulle klim almal in.



“Hoekom bou ons nie ’n sandkasteel nie?” vra Sam.
Kyk die pragtige sandkasteel wat hulle gebou het!
Hulle het skulpe en seewiere vir die versierings gebruik.




“Dis tyd om af te koel!” sê mnr. Ibrahim.
Die water is koud en verfrissend. Die vier maats spring op en af in die golwe!





Die kinders gaan sit om hul piekniekkos te eet. O nee! ’n Groot golf het hul sandkasteel weggespoel.
Sam begin huil.
“Toe maar, volgende keer bou ons nog een,” sê mnr. Madiswa.



Terwyl die son ondergaan, pak die gesinne weer hul piekniekmandjies.
Hul gee al hul rommel vir mev. Ibrahim om in die vullisblik te gooi.



Die kinders waai totsiens vir die strand.
Was dit nie 'n lekker dag nie!





© 2014 Wordworks